GUTTER POLITICS GHETTO

geskryf deur

Albert Maritz

Toestemming vir opvoerregte berus by:
Albert Maritz
e-posadres: alliemaritz@gmail.com

OPENINGSTONEEL

'n Seuntjie staan met sy rug na die gehoor as die ligte opkom.
Hy bekyk die stel, soos die lewe.
Hy gaan sit op die rostrum - sentraal verhoog bo,
en vou sy arms om sy bene en begin jammerlik huil.

(Kind huil)

TONEEL 1

KAAPSE PARADE

Prediker : (Doeblering) David Johnson

Julle wiet hoe sleg't gaan. Jy't groetgeword mettie armes. Jy sal vrek mettie armes. Dis nou al erger. dissie drugs, dissie crime. Of jy moet dit doen of jy's die victim. En jou kinders is next. Waar oe waar sal ons hulp vandaan kom. Nie van onsself. Die wit man help al. Maar hy kan homself nie help nie. Die swart man wietie hoe nie. en hy willie virrie witman luister nie. No wonder oek, nuh! En die bruinman ?! Hy help homself. Gie 'n man power, en hy help homself. Daaisie crime. Forget die politicians, forget die politicians, ons is straatkinners forever more. Forget die politicians – sit in jou tande – vasbyt virrie heilige gies – ons enigste hoep. (*Hy poseer soos 'n vlieënde springbok)*

(Lig snap af)

TONEEL 2

Lig snap aan op Wit ou en sy vrou. Hy vou dubbel soos hy lag. Sy vrou is geïrriteerd - stap weg.

Andrew : (*Kom regop uit sy dubbelvou)* Ag, shit. (*Loop agter haar aan.)* Monique, ek lag, want dis so nutteloos.

Monique : En jy lag. Wat moet die mense dink.

Andrew : Ek lag want dis pateties.

Monique : Jy's pateties.

Andrew : Nie die preek nie. OK, hulle 'style' ja. Maar almal se dilemma.

Monique : (*Gaan staan)*

Andrew : Niemand doen iets nie. Die wat wil kan nie. Die wat kan, wil nie.

Monique : En jy lag !

Andrew : Ek's desperaat. Raadop. Ek protesteer !

Monique : Jy kan jouself ten minste gedra waar mense jou kan sien.

Andrew : Dis oor almal hulle gedra dat die powers that be wegkom daarmee.

Monique : Jy's pateties.

Andrew : Ten minste doen ek iets !

TONEEL 3

KOMBUIS

Vrou in met sakke. Man agter. Swartvrou (Man in "drag" , onsnaaks)

Florence (Andile) : Môre madam.

Monique : Hallo Florence. Laat geslaap vanoggend, né.

Florence (Andile) : Nee, madam.

Monique : Florence, bêre vir my hierdie sakke, maar vee hulle eers uit hoor jy. Jy's vanaand hier vir die kinders, né? Die oubaas is hier, maar hy sal sit en TV kyk – *(vir hom)* – wat staan jy ? Gaan sit iewers. En Florence, sit die swart sakke bo-op die muur waar die honde dit nie bykom nie hoor. Anders is dit groot skoonmaak elke keer. En maak die toiletpot goed skoon, hoor. Die arme kind was baie siek gisteraand. *(Uit na volgende vertrek)*

Andrew : *(Volg haar)*

Monique : Gaan jy nie rugby kyk nie ?!

TONEEL 4

Andrew : Kyk, jy's so neerhalend. En ek wil eintlik net naby jou wees.

Monique : Maar kyk wat doen jy ! Lag vir 'n dominee. 'n Bruin dominee. Jy's pateties.

Andrew : *(Nou pissed off, maar kalm)*

Wat doen ek ? 'n Bruin dominee. Bêre " vir my " die sakke. Probeer jy sê ek's 'n rassis.

Monique : Wie weet dit nie. Wat van sakke ? Florence bêre dit.

Andrew : Sy weet dit. " Vir jou ". En sy maak die kakpot skoon. En die vullissakke – sy skeur dit seker buite stukkend. Sy maak skoon.

Monique : Kyk, ek weet nie wat jy probeer sê nie, maar ek is ordentlik met haar.

Andrew : " Vir my ".

Monique : Vir jou ! Wat sê jy ?

Andrew : Jy kom dit nie eens agter nie. Jou neerhalende manier van praat.

Monique : Wat verwag jy. 'n Huwelik van hel. *(sis)* Jy't my al geklap. Verkrag.

Andrew : *(Lag ontkennend, vermy die issue)*

Monique : Ontken jy dit ?

Andrew : 'n Oog vir 'n oog …….

Monique : Fok jou.

Andrew : Ek moet dit afleer.

Monique : Piss off. *(Sy wys middelvinger en wil loop)*

Andrew : *(Sug. Dit stop haar in haar spore)* Jy hoor né, maar jy luister nie. Doen dit " vir my ". Doen dat " hoor jy" – asof jy met 'n mishandelde maatskaplike geval praat.

Monique : Ek is 'n ……

Andrew : Ek weet jy's 'n maatskaplike werker. "En maak die toilet goed skoon". Hoor jy waar sy moet krap – in jou seun se siek ekskresie.

Monique : Dis alledaagse ……

Andrew : Net oor almal dit so aanvaar. Want 'n hotnot is ……..

Monique : Jy's siek ! *(Uit)*

Andrew : ……. nie 'n mens nie ……. *(Skud kop)*

TONEEL 5

Thembinkosi in.

Doen 'n poem : I'm just a poor man from the Ghetto.

TONEEL 6

Twee bruinmans praat. Een bly swak Engels praat, maar hou dit vol. Hy's Irvine.

Irvine : Things are awful. I'm going to go into teaching.

David : O kan jy ? Ekketie geweet jy's 'n teacher nie. Pas jy dit in tussen die straatwerk.

Irvine : *(Reaksie)* No, I'm starting my studies this year.

David : Jaaa …….

Irvine : But it's amazing how hard it is for everyone hey ! You know, then we were too black and now we are too white.

David : Ja, maar ons speelit mos soos ons wil. Nou's ons black. Dan's ons wit. Ma jy's 'n chlora.

Irvine : Ja, we'll get along.

David : Die power is in ons hande. Ek weet nie hoekom ons sulke games moet speel nie.

Irvine : Remember that time when that white ou who managed the workshop shot himself.

David : Ekketie daai gelaaik nie.

Irvine : Naai, man – he pushed us around ……..

David : Ja, en toe dreig julle hom met ons pelle.

Irvine : Not pelle – belerrie important people. I mean, we have friends in high places. *(Pouse)* Hey, what are you thinking ? White man's gedagtes.

David : Huh, no, no. I remember. *(Hy lag)* Hy was lekker dik bang.

Irvine : Whiteys think they're boss. (*pouse)*

David : Just maybe ……. *(pouse)*

Irvine : Maybe what …… ?

David : Nee niks.

Irvine : But they only neuked up the Six hey ?

David : Distrik Ses.

Irvine : Ja. You must see how the ouens plak right there, hey.

David : Ja, maar die mense is arm.

Irvine : Almal sit net.

David : Ten minste het jy darem werk.

Irvine : Werk ?

David : Wel jy't geld !

Irvine : You can probably call it work ja.

David : Shift work ? *(pouse)* Always night ?! Shift !

Irvine : If someone will just help. Business.

David : Ja. *(pouse)* Maar wat moet hulle doen ?

Irvine : Geld gee ! Give money.

David : Ja, but to do what ? Geld vir wat ? Vir kos.

Irvine : Ja, for food, houses, jobs.

David : Maar hulle doen al daai.

Irvine : That's what they say, ja.

David : What did you say you do ?

Irvine : And check the street children hey. Why don't they build shelters for them.

David : Die coloureds het ook besighede. Ma jy sien mos street children in jou shifts.

Irvine : *(Ignoreer dit)* And we have all these friends in high places.

David : Die swartes kry net so swaar.

DOOF TONEEL

TONEEL 7

Anrich : Pa, daars nie een regtige groot ding waarop ek 'n antwoord soek nie.

Andrew : *(Agter koerant)* O.

Anrich : Dis ongelooflik Pa. Daar's baie mense wat swaarkry.

Andrew : Ja.

Andrew : Wie ?

Anrich : Soos ma se vriende.

Andrew : Kry hulle swaar ?

Anrich : Hulle sê nie so nie, maar dit lyk so.

Andrew : Het hulle nie werk nie ?

Anrich : Nee, die ooms is lelik met die tannies. En die tannies lyk ongelukkig, maar sê niks.

Andrew : En maak dit die ooms vriendelik ?

Anrich : Nee, hul bly maar so onbeskof.

Andrew : En soen vanaand na 'n kis biere daai galbekke.

Anrich : Wat sê pa.

Andrew : Nee, ek sê ek is maar net so. Dis hoekom jou ma so kwaai is met my.

Anrich : Jy weet wat ongelooflik is …….

Anrich : Nee wat ?

Andrew : Niemand het ons ooit geleer hoe om te leef nie. Dinge wat mens moet weet, het ons toe ons al oud was, aangeleer.

Anrich : Soos wat ?

Andrew : Iets eenvoudig. Dat ons vir God lief is. Is jy lief vir

God ?

Anrich : God is lief vir my.

Andrew : Sien. Ek't jou nie geleer God is ook begerig dat jy vir Hom lief moet wees nie.

Anrich : O !?

Andrew : Dis 'n give en take. Mense wat graag gee, wil soms ook ietsie hê. Al is dit liefde.

Anrich : Dalk nie.

Andrew : Nee, ek is seker.

Anrich : Dalk nie. Mense verskil.

Andrew : O ……

Anrich : Nes daar dalk mense is wat nie liefgehê wil word nie.

Andrew : O …… nee nou vat jy dit darem te ver.

Anrich : Hoekom ?

Andrew : Nee, kyk. As mense sê of wys hul wil nie liefgehad word nie, is dit oor daar 'n gemis in hul lewe is.

FLORENCE (Andile) OP

Anrich : Mis ?

Andrew : Iets wat hulle nie geleer het nie. Of iets wat hul gewond het. Hul harte gekwets het. Mense sal maklik ontken hul verlang ook na liefde, omdat hul dit nooit geken het nie, en nie wil erken hul mis dit nie, of nie lekker weet wat dit is nie.

Anrich : Môre Florence

Andrew : Môre Florence

Florence (Andile) : Môre meneer. Môre kleinmeneer.

Anrich : Pa sien. Dis as mens dinge so te ver bedink, dat mense ongelukkig raak. Ek raak sommer depressed.

Andrew : Ma se seun ! Heh – eh ! Dis juis as mens dinge byleer, dat dinge makliker word.

Anrich : Hoe, pa ?

Andrew : As almal weet almal het soms pyn, of teenspoed, sal minder mense kwaad raak vir ander, of selfs moord pleeg. Selfmoord, sulke goed. Alle dinge wat nou sleg is, word beter, maar ……. MAAR, net as mens iets daaraan sal doen.

Anrich : Maar mense is verskillend en dan hou ander mense dalk nie van wat een mense doen om iets anders te maak nie.

Andrew : Ja, jy's reg. Maar dis ook hóé mens iets doen. En, baiekeer is dit net in jou kop.

Anrich : Hoe weet iemand dan wat jy doen ?

Andrew : Dis wat jy nie doen nie. As jy geduldig met iemand is vir wie jy moet kwaad wees - 'n ou druk voor jou by 'n ry in of ry sleg met sy kar.

Anrich : *(LAG)* Pa, jy's die ergste ! Kyk hoe kwaad word jy.

Andrew : (*Nou BEDONNERD)* So wie's perfek. OK, jy's perfek. Jou ma is perfek. Maar jy mannetjie - dis nie vir jou

om te sê …… *(hy stoom al, maar bedink homself nou)* Oraait - ekskuus. Okay, almal is anders. Maar dis oor ek foute het. Ek moet, …….. jy's reg …… ek moet leer ander mense ry anders as ek - hulle is dalk nie haastig nie, oor hul vroeër opstaan as ek.

Anrich : Jy't daai oom 'n lang vinger gegee. *(wys)*

Andrew : Ek weet ! En weet jy - kwaadgeit moet nie eens mens se ' mind cross ' as jy teenspoed het nie. Dis so 'n mors van energie. Skuus oor nou-nou.

Anrich : Pa't eendag gesê ons "agteruit boer".

Andrew : Dis hy. Jy onthou.

Anrich : Pa't dit vir 'n boer gesê.

Andrew : *(LAG)* O - daai ou rightwinger. Hy't met my gestry ook kwotas in rugby en krieket. Toe sê ek - as hulle op sy dorp die beste spelers kies op laerskool, sal die Springbokke nie kwotas nodig hê nie.

Anrich : En toe was hy kwaad oor pa gesê het hulle moenie die volk wyn gee nie, maar meer geld.

Andrew : *(na voor - vir homself)* Ja, ek moes hom gebliksem het.

TONEEL 8

Netta : *(Sit en rook op sofa)* Dis mishandeling man.

Monique : *(Verhoog regs)* So, it's a man's world. Jy weet, hy't in my lewe ingekom toe ek - seker 28 was. Jy weet - die grootste fout wat ek gemaak het, is ek was bang ek sit op die rak. Amper 30 - niks kinders nie.

Netta : Hy is 'n stunning man, nê. Vir buitestaanders. Op die oog af.

Monique : Hy is. Maar daars te veel baggage. Ek het gekom en gaan soos ek wil. Af en toe bietjie dagga gerook ……

Netta : 'n Knypie seks soms. *(laggie)*

Monique : *(LAG)* Ja. *(Skielik ernstig)* Maar dis 'n ander storie.

Netta : Vertel ……

Monique : Nee. En toe kom hy al met sy Calvynse twak. Beginsels en eintlik moet mens nie seks hê behalwe met jou partner nie, en flirt is gevaarlik en dagga lei tot ander dinge en affairs is 'n keuse.

Netta : Jy't toe daarvan gehou.

Monique : Dit was weird. Ek't nie voorheen mans geken met sulke beginsels nie.

Netta : Maar bedonnerd ……. !

Monique : Hy't altyd gesê niemand het hom geleer die hele lewe gaan oor keuses nie. Hy sien 'n sielkundige ……
Jeez, waarin het ek my begeef.

TONEEL 9

Andrew : En mens moet mense leer entrepeneurs wees.

Anrich : Wat ?

(FLORENCE agter op)

Andrew : Leer mense goed maak. Geld maak. Goed wat hul kan

verkoop. Leer hulle hoe om te verkoop, en waar, en om boeke te hou van hulle geld.

Anrich : Maar mense moet skoolgaan.

Andrew : Jy's reg. Maar daars so baie wat nooit kon nie. Hul moet mos nou iets aanleer om van te lewe. En die blerrie politicians moet dit reël. Of hoe Florence.

Florence : Nee baas / meneer. Ek dink maar nie oor die dinge nie. Ek is maar net wie ek is.

Andrew : Ja't maak my ook moeg. Dan's ek sommer gatvol en kort van draad, en ek maak foute as ek moeg is.

Florence : En as jy verkeerd eet meneer. Mevrou sê die kind eet verkeerd, dan is hy dom en kwaai en moeg.

Anrich : Sê my ma.

Andrew : *(LAG)* Ja, maar dis waar. En weet jy hoe goedkoop is groente en vrugte. Florence, het ons bietjie vrugteslaai iewers. Seuna, ons moet 'n groentetuin aanlê.

TONEEL 10

ANDILE en TEMBINKOSI op en doen 'n tradisionele township ritteldans. Binne in die dans begin een die ander irriteer.

TONEEL 11

Monique by ander blanke vrou. Dalk aan die drink.

Monique : Hy's 'n goeie pa, maar ek kan net nie meer nie. En opvlieënd.

Netta : Gelukkig sien ons hom nooit so nie. Blerrie actor !

Monique : Ja, hy's nie heeltyd ……

Netta : Ons is so lief vir jou. Jy weet - selfs die kere wat hy kortaf met jou is - ek is lus en gooi hom.

Monique : Dankie. Die vriendskap is vir my baie werd. *(effe emosioneel)*

Netta : Ja, onthou altyd - ons is hier vir jou.

Monique : *(HUIL)* Ek's nie meer lief vir hom nie.

Netta : Hoe kan jy wees. Na jare se aftakeling ……

Monique : Dis nie dit nie. Dis ek …….

Netta : Toe nou. Jy volg die natuurlikste pad. Wat verwag hy. *(omhels haar)* Dat hy jou kan toetakel ……

Monique : Maar dis nie dit nie. Dis ek ……..

Netta : Hy's 'n goeie ou en als, maar wat hy aan jou doen ! *(Gooi vir Monique weer 'n dop)*

Monique : Dalk moet ek weg daar.

Netta : *(vat weer haar hand)* Kyk, hy's nice, maar jou lewe is belangriker.

Monique : Ek bid daaroor.

Netta : Jy verdien beter my skat.

Monique : *(Kyk op na haar - skielik te na aan mekaar)* Ja. *(pouse)* Dalk moet ek uit daar.

Netta : Dalk.

TONEEL 12

Anrich : *(op)* Nou vir lekker kondensmelk. *(Krap in kaste)* Waar's die oopmaker. *(Florence agter op)* Damn, blerrie meid.

Florence : *(Staan doodstil)*

Anrich : *(Raak kwaaier)* Waar's die blikoopmaker ? Dom blerrie mense sit goed op plekke waar hulle nie moet nie. *(Hy gooi iets)*

Andrew : En nou outjie. Wat maak jy.

Anrich : Pa, die blerrie bediende …….

Andrew : *(Gryp outjie - gee slae)*

Florence : Nee ou meneer. *(Probeer keer)*

Andrew : Toemaar Florence. Ek wil gou met hom praat. *(Gaan sit)* Ek is jammer om jou slae te gee, maar ek moet. In die eerste plek is sy 'n grootmens. Jy respekteer grootmense. En sy is 'n vrou. Jy, en ek leer om vroue te respekteer. En sy is 'n goeie mens, en verdien net die beste, want sy gee net die beste ! Hoor jy ?!

Anrich : Ja pa.

Andrew : En noudat jy dit als weet, moet jy net vir Florence verskoning vra. Dans als weer op koers.

Anrich : Ja, pa. *(bly sit)*

Andrew ; Gaan moer.

Florence : *(In, en nader met blikoopmaker)* Hierso seun.

Anrich : *(Staan op. Vat dit by haar. Kyk in haar oë).* Dankie Florence. Eh. *(Hy kyk vir sy pa)* Jammer

Andrew : …….mevrou.
(LAG) Nee - huh Florence. Hy kan darem seker Florence sê. Netnou "tannie" hy jou.

Anrich : *(By pa)* Jammer Pa.

Andrew : *(Druk seun)* Dis reg seun. Dit gebeur met almal van ons. Ek's lief vir jou, outjie.

TONEEL 13

IN VERHOOG REGS AREA : OM ROSTRUM REGS

Irvine : And then he said to the judge : What's your qualifications. Who are you to say ? What do you know ? And OUT the door he went !

David : Toe voel die judge kwaai bad ?

Irvine : Of course ! And it was on national TV. Fools they are! And half of them are white hey. In this country.

David : You know that ou who always comes here for the computer.

Irvine : Met die mooi bene ?

David : Whitey.

Irvine : Ja, but legs like that don't count.

David : Oh !

Irvine : Soe wat !?

David : Nei, hy my invite vir ete.

Irvine : Lucky you. Wonder what he wants built in his back yard ?!

David : Ag jeez, man. Hy was 'n instructor innie army toe ek daar was.

Irvine : Even nicer.

David : A get together van ou SA unconnecteds.

Irvine : Maybe wil hy jou connect *(klap op sy boud)*

David : Ag, shit man. Wat alles in jou kop aangaan. Jy dink net aan een ding. Nee twee.

Irvine : *(Giggel)* Double adapter.

David : Nee broer, seks en apartheid hang oor jou soos

AIDS pel. Twee siektes. Altwee in jou. Snaaks jy's nie in politics nie, want jy thrive op die oppervlak.

Irvine : OK, hurt me now. Hurt me. *(Gryp na sy eie agterstewe)*

David : Ag, kak grappie.

Irvine : Jy's mos nou grand want die wit baas het jou genooi.

David : Dis nie eens hy nie. Dis ander mense se paartie. Daar gaan swartes ook wees.

Irvine : Oh - jy's sy partner. Still better to be in the white circles.

David : Ag, piss off broer.

Irvine : I'll piss up you.

TONEEL 14

VERHOOG LINKS AREA : KOMBUIS EN VOORKAMER

Monique : Florence, ek't iets om jou te sê.

Florence : *(Van agter)* Coming miesies !

Monique : En maak gou. Ek's op pad.

Florence : *(Op)* Hiersek nooi. Ek't net die vroue onderklere gou opgehang. Ek was hulle mos apart.

Monique : Ja, ja. OK. Florence - dis iets belangriks. Kyk, ek weet jy woon in hier en als.

Florence : Ja dankie, miesies.

Monique : Maar jy weet hoe dit hier gaan, met ek en die baas en die dinge.

Florence : Ja, nooi.

Monique : So ek ……. moenou nie skrik nie, maar alles sal OK wees, maar ek gaan die baas los.

Florence : Nooi *(Sy gaan sit skoon)*

Monique : Jy sien - jy skrik nou. Ek sê jy moenie. *(gaan sit langs haar)* Alles sal fine wees.

Florence : En die man nou.

Monique : Hoe bedoel jy ?

Florence : Noi is nie meer lief vir hom nie ?!

Monique : Nee. Ek is - op 'n manier. Maar …… ek weet nie Florence. Mans is almal dieselfde. Jy weet - toe ons klein was het ons gekyk hoe ons ma werk - in die huis en by die werk.

Florence : Ja, noi. Almal het werk gehad.

Monique : Ja, dis nie waarvan ek praat nie, maar okay - nou die

mans nie meer almal werk nie.

Florence : Min ……

Monique : Ja, min van hulle het werk.

Florence : *(beaam kopskuddend)*

Monique : So nou is hul tradisionele wapen van hulle afgeneem.

Florence : Almal kry swaar, noi.

Monique : Swaarkry. Jy weet van swaarkry. Jy't al vergeet hoe wit poliesmanne - hulle kon jou kind gewees het, so jonk was hulle, jou rondgejaag het met stokke en gewere, en met jou gepraat het of jy 'n dier is.

Florence : Is okay, noi.

Monique : Vir jou is okay. Nie vir my nie. Ek los hom.

Florence : *(huil)* Die noi gaan hartseer wees.

Monique : *(ook nou bewoë)* Ek is hartseer. Ek hou my hard. Maar ek moet gaan.

Florence : Die noi is nie meer lief vir meneer ?

Monique : Nee.

Florence : Julle het getrou ?

Monique : Ja, maar dit het nie uitgewerk nie.

Florence : Jy laaik hom nie meer nie ?

Monique : Nee.

Florence : Die man se hart sal seer wees.

Monique : Ek weet.

Florence : Die kind - hy sal nou fyn loop.

Monique : Fyn loop ?

Florence : Hy moenie mistrap nie. Miskien sy pa los hom. Of sy ma los hom. Hy't nou geskrik. Sy ma loop. Alles kan gebeur.

Monique : Ons sal daar wees vir hom.

Florence : *(het opgehou huil)* So sê mens nou.

Monique : *(kil)* Ek weet wat ek doen *(Staan op)* En Florence, ek gaan trek. Jy sal okay wees by die baas. *(pouse)* Dink ek. Maar dit moet julle uitsort.

Florence : Mevrou, jou maats - hulle wil jou nie keer nie. Die baas is goed.

Monique : *(te kil)* Hy's nie goed vir my nie. *(Kom haar hardheid agter - gaan sit weer)* Florence, dis die beste so. *(Druk haar)* Ek gaan jou mis. *(pouse)* Nou toe, laat ek gaan. Netta wag vir my. *(MONIQUE af)*

Florence : Okay noi. En die baas nou noi. Jy briek sy hart. En nou, as hy nie werk kry nie. As hy yt die job yt is. Wie help hom. Hy't jou gehelp toe jy verkeerd was. Sonder die job. Toe jy nog klein was. Sos 'n stoute meisietjie. Wie gaan nou na jou kyk. Of is jy nou groot ? *(pouse)* En ek nou noi. Waar sal ek nou gaan ? En wie sal agter die kind kyk ?

LIGTE DOOF

TONEEL 15

Florence (in kombuis doenig)

Anrich : (*Op)* Hallo tannie Florence. Is daar peanut butter.

Florence : Ja hy's daar. Moet ek vir jou 'n broodjie maak ?

Anrich : *(Vat pot en begin eet)* Nee, ek wil net 'n lepel vol hê dankie.

Florence : *(Werk in stilte verder)*

Anrich : *(Wat haar onderdeur beloer het)* Florence, hoekom is mense so arm.

Florence : Julle is nie arm nie.

Anrich : Nee, maar ander mense.

Florence : Hau, ek weet nie. Dinge is nie meer soos in voor 1994.

Anrich : Ja, ek weet. En my pa sukkel ook maar, nê, as hy vir lang tye niks werk nie. Maar ek meen - veral swart en bruinmense.

Florence : Jou pa sê jy was klein toe vra jy een oggend - die swartmense hulle werk baie hard - hulle is altyd op die pad werk toe, en waar die huise bou, hulle bou die huise. Hoekom werk die swartmense so hard ?

Anrich : *(LAG)* Het ek né.

Florence : Jou pa is baie lief vir jou. En jou ma.

Anrich : *(Baai stil in die genot)*

Florence : Die bruinmense en die swartmense moet leer.

Anrich : Leer ?

Florence : Soos ek. Ek kyk jou ma werk by die computer. Maar ek maak nie yt. Jou pa hy prat oppie phone. Hy organise sjo, sjo, sjo. Ek maakie yt.

Anrich : Maar jy kan leer.

Florence : Ek kan. Maar ek moet lank leer. En ek moet weet ek is nie gou slim nie.

Anrich : Soos Thokozani.

Florence : Ja, soos Thokozani.

Anrich : Hy't geleer, en sy eerste werk het hy baas geword.

Florence : En toe steel hy.

Anrich : *(saam)* steel hy. *(Hulle lag)*

Florence : Hulle sê dis oor die mense gesê het hy ken nie die job, maar hy wil nie meer leer nie. Toe steel hy.

Anrich : *(SUG)*

Florence : *(Stilte)*

Anrich : Florence, wil jy koffie hê.

Florence : *(lag)* ek sal maak. Dis hoekom jy vra.

Anrich : *(lag)* Nee, ek wil vir jou maak *(hy spring op en hulle stoei eintlik speels vir posisie. Hy stop)* Maar al wil bruin en swartmense leer, hoe gaan hul verder kom. My pa sê hulle is in die GUTTER.

Florence : Soos jy. Mens leer bietjie-bietjie. Jy leer by jou pa en ma. So hulle moet daar wees. Behalwe as dit sleg is. Miskien leer jy verkeerd. En as mens verkeerd leer, jy moet self weet om te sê : ek sien nou verkeerde dinge. Ek wil dit nie doen nie. Maybe eendag is jy nie ryk nie, maar jy doen altyd goeie dinge. Maybe jy's nie ryk nie, maar wat jy doen is goed.

Anrich : Dan doen jy dinge wat 'n verskil maak.

(LIGTE snap af)

TONEEL 16

ANDILE en TEMBINKOSI ritteldans.

DAVID loop op en hulle omsingel hom met dans. Hy sien hulle nie.
Die blanke ou verskyn ook en dieselfde gebeur.
As die ligte doof en weer aangaan,
staan drie van hulle om bankies soos in 'n sitkamer.

TONEEL 17

David Johnson
Thembinkosi
Andile
Andrew (André Roothman)

Ongemaklike funksie-atmosfeer. Almal mime glase + eats.
Die wit ou kyk teen die muur na prente.
Die bruin en swart ou gesels.

Thembinkosi : A colonel. Well, there's no war now, so maybe its okay. You know our army is much different forom Umkontho.

David : How different.

Thembinkosi : You've got money.

David : Me ?

Thembinkosi : *(LAG)* O - you're also black. OK ! *(LAG)* No, what I mean is - the apartheid regime army had money, aeroplanes and so on - and a good uh - backbone …… ….. uh …… infrastructure.

David : Where were you ?

Thembinkosi : Oh many places. From basic training camp in (USSR) to Angola, but that's different. Our organisation was……. simple. Not intricate. We were trained, we received orders, we went away, and they knew it went OK if they saw us again.

David : That's cruel.

Thembinkosi : Now I am surrounded by intelligence systems, radar, aeries ……. what not !

David : It must be scary. You're the chief there.

Thembinkosi : You musn't say chief. I'm no Indian. *(Hy kyk in afwagting)*

David : Oh, sorry. *(Hy sien chief se gesig en hulle lag saam)* I just thought you're touchy ……. hey Andrew, meet Colonel Sizwe Andrew.

Andrew : *(skud blad)* Hallo Sir.

Andile : (*op)* Hallo mense. O julle ontmoet die Colonel.
(Skud blad met almal. Stel almal voor)
Colonel Sizwe - ex- ANC cadre - now officer in the infantry. 1 SAI. Colonel, this is Andrew - he hosts Art projects, upliftment, training - ex 32 – Battalion, Buffalo. And David, another Black man in Africa, and corporal, complete with Pro Patria for border service, - originally Cape Core. *(He doesn't mention his current vacation)* And me, myself, I. ANC spy for the regime, WP Rugby league wing, which is why I don't have Springbok colours, and ex- APLA involved with the Heidelberg hotel, shooting. *(quick)* Just joking. Just checking whether you are awake. So enjoy yourselves. Daar's snacks, hardehout, als; net nie vroue nie. *(Die ander dwaal in gesprek of stil na bo en in die verte in. David konfronteer Andile.)*

David : Nice paartie.

Andile : Dankie.

David : En 'n moerse risiko. Ouens van sulke uiteenlopende wêrelde. Drank.

Andile : Mens vrees dit wat jy nie ken of verstaan nie. Ons moet daar verbykom. Leer by mekaar. Ubuntu. En drank - elke ou se eie verantwoordelikheid. Ons is nie kinders nie.
(VRIES)

Toneel 18

Vrou in kollig by ander meisie

Monique : Jy trou en daai selfde dag is die thought verlep. Dis 'n mind switch. Jy't die ou lief - butterflies in die maag. Maar jy leer kom daai dag kén.

Netta : Dis onmoontlik.

Monique : Ek sê jou.

Netta : Ek was ook getroud onthou. Ek sê jou dis in die gene. Ons weet al - trou, en dit word suur.

Monique : My tannie was gelukkig getroud tot haar hubby dood is.

Netta : Okay, dan is dit omdat jy hom dáái dag leer ken. And you don't like what you see.

Monique : Mens moet net seks hê. Leer hom nooit ken nie. Praat nie. *(VRIES)*

TONEEL 19

Andile : Let's leave it there. Lets rather just drink and not talk.

David : No, just as a matter of interest. Why did you not ?

Andile I did not mention your occupation because I'm not perfect. But I'll go tell them what you do now. What do you do ?

(VRIES)

TONEEL 20

VERHOOG REGS - asof hulle BUITE is

Thembinkosi : So a very rewarding job - art project manager. I was actually very nervous about tonight.

Andile : I've been nervous about it for years.

Thembinkosi : Yes, it had to come.

Andile : Can you believe it. A real ANC soldier. Terrorist. Shit man, if my dad could see me now.

Thembinkosi : He'd give you a knife to finish me off. *(PAUSE)*

Andile : My dad was a good man.

Thembinkosi : Hey sorry man. But ja - that was war hey.

Andile : Where were you mostly ?

Thembinkosi : On the Angola border - mostly ( ) - right opposite Rundu.

Andile : Shit man - close to Buffalo ! There was that scene - a buddy - school buddy, hey - shot at a village one night when he was drunk. Killed 8 people, and got off scotfree. He was on guard duty in a water tower.

Thembinkosi : *(after long silence)* He also got the Pro Patria.

(VRIES)

TONEEL 21

Monique : En ek weet die beloning is groot. En die reëls is daar. Eer jou vader en jou moeder - al doen hulle soveel verkeerd.

Netta : En bly by jou man al gebeur wat ookal.

Monique : En later kyk die kinders omtrent skeel van die gedurige skellery. (*Sy bly stil - begin lag)*

Netta : *(Vat haar hand)* Wat ?

Monique : Hy't selfs later begin stilbly.

Netta: You won.
(Trek haar asem in haar hand in van eie verbasing)
Aah, ek was erg.

Monique : Nou't jy vrede.
(VRIES)

TONEEL 22

ANRICH en THEMBINKOSI loop op mekaar af in straattoneel. Stop en doen 'n soort pas-de-deux sonder om aan mekaar te raak. Hulle wissel karat – kata sekwense af met militaristiese drilbeweginge en dan moderne dansbeweginge. Ons is aangewese op mekaar.

DAVID skrik dronkerig vir ANDILE

David : So he was a instructor with us after 32 Battalion. Jeez, he is a good soldier.

Andile : Sorry to bring back a topic. Is jy met jou eie vriende net so aggressive as met my - ek bedoel - netnou se argument.

David : My eie mense - jy mien die coloureds.

Andile : I said "jou eie vriende".

David : Still - you mean the same. Us coloureds. Once too black, and now too white.

Andile : So you treat your "people" the same as me. Take no prisoners. The truth and nothing but the truth ?

David : Now I'm a tyrrant. *(Sy stem raak harder)* I treat my mense dieselfde. Nei, ek doen nie.

Andile : Why not ?

David : Cause hulle gee my nie kak nie.

Andile : Wie gee jou kak.

David : Okay, hulle gie my kak, maar hulle speel net.

Andile : Speel net.

David : Dis survival. Die bruinmense moes al so swaarkry - hulle kan net lag en speel - vir iets in hulleself wat dit die moeite werd maak om aan te gaan.

TONEEL 23

'n Lig op IRVINE aan. Hy beweeg in die toneel in met DAVID.

Irvine : So ek vat wat ek kan kry. Ek maak die beste daarvan. My grootste kicks is as mans dink ek is 'n vrou.

We go all the way. 'n Whitey - en ek sit op hom, en hy wetie waar hy sy neus in het nie. Maar hy like dit. Hy kom weer - excuse the pin.

David : Jy's walglik man, (*vir Andile – emosioneel)* Nee, ek's nooit straightforward met hulle nie. Hulle't al te swaar gehad. Hulle survive deur die pyn.

Andile : It gets you nowhere.

David : *(vir Irvine)* Jy's walglik. Watter voorbeeld is dit. Jy kry niks deur alles af te breek nie - tot morals te gebruik vir jou revenge. Nei, my broer. Hoer, steel, drink - alles almal verskonings om nie beter te word nie.

Irvine : Ek't swaar gehad ……

Andile : Everybody has it.

David : You leave him. He is my people. I'll talk to him. I'll reprimand him.

Andile : Inspire him.

David : *(nou histeries)* I'll …… yes. I will inspire him. *(Emosioneel)* I will - me, not you. Me …….

Andrew : Dis wat hy nodig het.

David : And don't you interfere. Ons weet wat om te doen.

Andrew : Okay. Doen dit.

David : Don't tell me what to do. *(Hy staan nou vlakvoor Andrew)*

Andrew : Okay, I won't.

Andile : Man, but you're aggressive.

David : *(was op die punt om weg te draai)* Shit man - leave me. *(Vir Andile)* There's the man. Our white cause. Came here, ruined this country, and my people, and check there - all calm and collected. God's only son.

Andile : Leave it now man. (*tries to touch David)*

David : *(now in a fighting mood)* Leave me.

Andrew : Leave him Andile. He's got a thing with me. Not with you.

David : *(desperately aggressive)* I'll decide who I have a thing with. *(To Andrew)* Don't you make up my mind for me.

Andrew : *(he spits it out - but restrained).* Kyk hier boeta. Ek het my probleme. Jy't joune.

David : Most of which you and your type is the cause of. Het jy al gesien hoe sit die fucked up mense op straat. Oumense, jonges wat lyk soos oumense. Kindertjies. Straatkinders.

Andrew : En al wat jy daaraan doen is skinder. Jy en jou pel Irvine.

David : Jou moer ek. Moenie dink ek sallie. Ek skrik nie 'n witbaas nie.

Andrew : En ek sal nie met jou baklei nie. Jy't in jou gene soveel krag, soveel intelligensie. Jy's kreatief. Jy kan my doodmaak as jy wil.

David : Oor ek die produk is van bouers, en dagha aanmakers. Leef met die graaf, die by the spade.

Andrew : So waaroor baklei jy ?

David : Oor ons in kakstraat is waar ons is.

Andrew : En dis my skuld ?

David : Hieronder in die pad werk 'n ou oom vandag tot amper agtuur. Hande-arbeid. Vir 'n witbaas. Ses tot agt. In die aand. Vir peanuts.

Andrew : En jy skel my !

David : *(Storm Anrew - druk hom teen sy keel teen colise vas)*
Witbaas.

Andrew : *(Sag)* Jy kan my wurg, jy kan my met 'n mes steek, jy kan my in die see in jaag. Daai wit vark sal bly. Jou ou oom sal bly swaarkry. Die kinders sal oppie straat bly sit.

David : *(Wil hom bliksem)*

Andrew : *(Steeds sag)* Al wat dit sal verander is as jy verander. As jy ophou jouself jammer kry, ophou skinder en iets doen.

David : *(Wil hom weer bliksem - besef dan die nuttelоosheid en los. Nou's hy baie moedeloos)*

Andrew : As jy ophou iemand blameer, of as jy wil - blameer die skuldiges - nie die geskiedenis nie.

David : Jy's skuldig.

Andrew : En jy's skuldig.

David : Jy sê dit want dit pas jou.

Andrew : Ek sê dit want ons het altwee bagasie.

David : Los jy maar my bagasie. Deal met joune.

Andrew : Ek deal met myne. Jy nie. Jy sit met jou krag, talent, kreatiwiteit, geskiedenis, toekoms. Jy sit met straatkinnertjies se lewe in jou hande. Maar jy doen niks. Blameer my, asof dit gaan help. So ! Ry op white guilt. Ek is lankal guilty. Weet hy hoeveel swartes het ek geskiet by 32. Blame my. Maar ek verander. Want ek wil. My opvoeding van 'n ma en 'n pa het iets goed by my gelaat. My geleer om uit die gutter uit te klim. En dat politics niks maak nie. Vergeet van my - doen jy iets - fight the shit, soos jy my nou gefight het. Jy kan. Maar vergeet die history. Werk aan môre. Jy weet wat - jy't nie 'n keuse nie. Jy moet.

David : Okay.

Andrew : Stop toeiing the line met almal, want die witbaas het jou bang gemaak. Jy's jou eie mens.

David : Solank mens nie power abuse nie.

Andrew : Ek's bly jy kry al visioene van bruin power. En ek hoop jy sal nie net agter jou eie gat kyk nie.

David : *(Kyk op, smile)* Jy, boerie …….

Andrew : Voor jy te happy raak. Never, never, insult my upbringing again, like you just tried to.

David : *(Verstaan)*

Andrew : En laat die whiteys wat weet jou help. Gooi weg die bagasie. Are you a modern man or are you a modern man.

TONEEL 24

Monique : *(Huil)* Mans care nie. Hul het net een ding op hul brein.

Netta : *(haar hande in die hare van Monica)* Dis hoekom ons daar is. Die sagte sy van die gemeenskap. Die mense wat dinge reël, twee of meer goed op 'n slag kan doen, sorg vir ons mans soos babatjies tot hulle groot is en na hulleself kan kyk.

Monique : *(Begin lag)* O jy's goed vir my. *(wil weer lag, maar begin huil)* Maar my ma het my nie voorberei hierop nie.

TONEEL 25

Thembinkosi : *(huil)* He died in my arms. *(silence)* And he was a good man. He used to say - forgive them, for they know not what they are doing.

Andrew : You're crying.

Thembinkosi : Ja, I could always cry. And we black people - we had a lot to cry about.

Andrew : Ja, I'm sorry.

Thembinkosi : But we also know how to forgive.

Andrew : I know.

Thembinkosi : One thing we will not forgive you, is that you did not teach us. Your forefathers klapped us *(hy wys handgebaar - 'n klap)*

Andrew : Some ouens still do. One forget how you hated our own people for being so like animals. Hitting people for no reason.

Thembinkosi : So we are not as wise as we should be.

Andrew : But you'll learn. There are as many whites who lag behind.

Thembinkosi : You don't understand. So many blacks in important positions.

Andrew : But they must be able …….

Thembinkosi : WOW ! Hokaai. Lets not take license here, and become condescending.

Andrew : I don't mean to ……..

Thembinkosi : I know we can. Of course we can. We were the first people. Even whites descend from blacks. 190 000

years ago. In Africa.

Andrew : What …… ?

Thembinkosi : Sjjjt. I know over the last few hundred years you and I focussed on different things. Now I need to learn the trade the white man brought here and developed here. Simple things - not only in the defence force. In town planning, administration - I know. And we will learn it - from you. You and the others who are willing to share power.

Andrew : But it is a trick - how to get to that point.

TONEEL 26

LIG in op NETTA.

(HIER VOLG 'N SPEL VAN LIGSPECIALS - As iemand praat kom sy lig aan, en later verloor die ligte tred met wie praat, en word dit 'n rondomtalie van lig - soos elke lig aanhou pols.

Netta : Lojaliteit is vir die voëls, ek sê jou. Wie gaan aan jou lojaal wees. *(sy soen Monique)*

Monique : *(stoot haar weg)* Maar dit geld mos vir almal.

Netta : Almal (*nou pak sy Monique beet en lig doof op 'n effense worsteling)*

Andrew : *(ligte begin saggies bons en bons)*
Eventually we're all in the same boat. We must just learn how to deal with it. The army psycologist said : its like a stream of life. *(he takes a last sip)* We

must just be able to let life flow. Without blockages.

Monique : *(Gedempte / gesmoorde gil)*

David : And we can. Where have you seen a more creative people than this. They'll build you a horse with half of the material needed.

Thembinkosi : Because they've stolen the other half.

David : *(Laughs)* No man, because they can. A boer maak 'n plan. 'n Bruinman het 'n plan.

Andile : I'm fetching drinks. Who wants ? *(AF)*

Everyone : Yes, please.

Netta : *(Op van Monique af)* Ja, dit sal lekker wees. 'n Stywe dop.

Thembinkosi : Shit, early day tomorrow. And a lot to learn. I must be off.

Andrew : Waas allie mense. As ek geweet het ek moet hier alleen drink, het ek by my ou koshuis op Stellenbosch se stoep gaan sit.

Irvine : *(Kom half regop uit 'n lê-posisie)* Ah, Generaal.

Andrew : A, 'n drinkebroer. *(gee vir Irvine 'n glas aan)* Kom ons doen wat ons beste doen.

Irvine : Because ons het geléér om dit te doen.

David : Hey, ek is nog nie weg nie, hô. En ek vat jou hystoe. Ek trust nie die boere nie. *(Hy klap Andrew hard oppie rug)*

Andrew : Jy mors my drank. Het ek jou gesê ek probeer my sorge verdrink, maar hulle kan almal swem.

Monique : Dis 'n gemors, solank ons dit nie beter maak nie.
(sy begin haar arms in 'n windmeul swaai - tot sy later rustig in 'n patroon is)

Anrich : *(Hy kom op. Stap na sy ma toe. Stop haar arms)*
Kom ma. Daar lê mooi dinge vir ons voor.

Monique : Is dit ?

Anrich : Ja ma. Ons gaan dit self doen. Ons breek nou met die lelik van die verlede. Ons wil mos gelukkig wees.

Monique : Waar leer jy dit ?

Anrich By ma. En by pa.

TONEEL 27

Andrew loop agter oor die verhoog in slomo. Andile en Thembinkosi doen hul komiese dans, maar steek Andrew dood. Maar dis net 'n mime. Anrich, David en Irvine ook by. In silhoëtte is dit 'n BOA.

E I N D E